**HILLCREST HIGH SCHOOL**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL**

**GRAAD 12**

**PROEFEKSAMEN**

**VRAESTEL 2**

**AUGUSTUS 2020**

**PUNTE : 70**

**TYD : 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit *16* bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING:**

1. Lees versigtig deur al die instruksies voordat jy die vrae beantwoord.

2. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: Roman
   AFDELING B: Drama
   AFDELING D: Gedigte

3. Beantwoord **SLEGS TWEE** VRAE.

   **AFDELING A: ROMAN**
   Beantwoord die vrae oor die roman, ***Lien se lankstaanskoene***, wat julle bestudeer het.

   **AFDELING B: DRAMA**
   Beantwoord die vrae oor die drama: ***Paljas***, wat julle bestudeer het.

   **AFDELING D: GEDIGTE**
   Beantwoord die vrae oor **AL TWEE** gedigte.

4. Volg die instruksies aan die begin van elke afdeling versigtig.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

7. Voorgestelde tydsindeling: Gebruik ongeveer 60 minute per afdeling.

8. Skryf netjies en leesbaar.

***STERKTE!!***

**INHOUDSOPGAWE**

Kies **TWEE** afdelings


| | | |
|---|---|---|
| **AFDELING A: ROMAN**<br><br>**Beantwoord slegs EEN vraag.** | | |
| **VRAAGNOMMER** | **PUNTE** | **BLADSYNOMMER** |
| 1. Kringe in 'n Bos | 35 | |
| 2. Die ongelooflike Avonture van Hanna Hoekom | 35 | |
| 3. Meeulanders | 35 | |
| 4. Lien se lankstaanskoene | 35 | 4 |
| | | |
| **AFDELING B: DRAMA**<br><br>**Beantwoord slegs EEN vraag.** | | |
| 5. Poppie – Die Drama | 35 | |
| 6. Paljas | 35 | 8 |
| 7. Fiela se kind – Die Drama | 35 | |
| | | |
| **AFDELING C: KORTVERHALE**<br><br>**Beantwoord die vrae oor AL TWEE kortverhale.** | | |
| 8.1 "Van Precious: 'n Buisie salf" | 35 | |
| 8.2 "Roep van die vleikuiken" | 35 | |
| | | |
| **AFDELING D: GEDIGTE**<br><br>**Beantwoord die vrae oor AL TWEE gedigte.** | | |
| 9.1 "Boekmerk" | 18 | 12 |
| 9.2 "Die Boodskapper" | 17 | 14 |

**AFDELING A: ROMAN**

Beantwoord die vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

**VRAAG 4:** ***LIEN SE LANKSTAANSKOENE*** (Derick van der Walt)

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS A**

*'n Kakofonie van klanke*

*Haar ma leun oor die vensterbank in die kombuis en staar na hulle view toe Lien by die huis kom.*

*"Was Ma nie werk toe nie?" vra sy geïrriteerd.*

*Sy soek na iets om te eet, maar sy verwag nie wonderwerke in die yskas nie. Daar is nog 'n stukkie kaas oor en sy maak vir haar 'n toebroodjie.*

*Haar ma sê niks nie. Oor die CD-spelertjie in die hoek dreun 'n klavierkonsert. Haar ma draai om. Lien soek haar ma se oë. Die oë lyk oukei, al kan sy die wynwalm wat van haar ma se kant af aangesweef kom, ruik.*

*"Luister," sê haar ma met haar vinger in die lug. Haar oë blink. "Prokofiëf se derde."*

*"Ek kan nie anders as om te hoor nie. Tannie Bets hoor dit seker ook op die vyfde vloer," sê Lien vies.*

*Sy probeer die musiek ignoreer, maar dis so hard dat dit deur die klein kombuisie weergalm. Dit het soort van 'n wysie, selfs 'n bietjie ritme. Sy dink Prokofiëf was 'n Rus – of was hy 'n Tsjeg?*

*Haar ma se elmboë rus op die kombuiskas en sy wieg haar kop heen en weer op maat van die musiek. Haar oë is toe, haar gesig teenaan die CD-speler.*

4.1 Vul die korrekte woord in die oop spasie in. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

Lien se ma drink te veel, dus is sy nou 'n _____. (1)

4.2.1 Kies die korrekte antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (4.2.1) en die antwoord neer.

Die titel van die hoofstuk, "'n Kakofonie van klanke", is 'n metafoor vir (Lien/ Christien) se lewe. (1)

4.2.2 Verduidelik wat bedoel word met die metafoor in (4.2.1). (1)

4.3 Die volgende stelling is ONWAAR. Verduidelik waarom.

Die uitsig vanuit Lien-hulle se woonstel is fantasties. (1)

4.4 Verduidelik waarom Lien nie "wonderwerke in die yskas" verwag nie. (1)

4.5 Watter TWEE dinge help Lien se ma om haar aaklige situasie te ontvlug? (2)

4.6 Op watter DRIE maniere het Lien probeer om geld vir kos te verdien? (3)

4.7 Kies die korrekte antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (4.7) en die letter (A-D) neer, byvoorbeeld 4.7 A.

"Was Ma nie werk toe nie?" vra sy geïrriteerd"

Uit hierdie vraag van Lien aan haar ma, lei ons af dat Lien se ma ___ was.

A lui
B besig
C werkloos
D onverantwoordelik (1)

4.8 Lien se tienerlewe was nie altyd maklik nie.

Skryf die volgende vier gebeure in Lien se lewe onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer:

- Lien het besluit om self geld te verdien.
- Lien se pa het bedrog gepleeg.
- Lien se gesin is herenig.
- Lien en die res van haar gesin is in armoede gedompel. (4)

4.9 Hoekom kan ons sê dat Braam 'n "fokalisator" is? Verduidelik. (1)

4.10 Hoe het Lien haar ma beskryf as sy te veel gedrink het? (1)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS B**

*Die ding met die kuif*

*Sy sien hulle van ver af onder die akasiaboom sit. Tibby praat met Roos en beduie. Roos kyk na die verkeer met 'n sigaret in die hand.*
*"Haai, julle twee, " groet sy huiwerig toe sy nader kom.*
*Tibbey is bly om haar te sien.*
*"Lieen! About time! Where have you been?"*
*Sy sak op die gras langs hulle neer en maak die bak oop met tannie Bets se outydse Hertzog-koekies wat sy saamgebring het. Tibbey vat 'n handvol, maar Roos ignoreer die bak wat sy uithou. Sy gluur Lien aan sonder om iets te sê. Sy skiet haar stompie in die roosbedding en steek dadelik weer 'n sigaret aan.*
*Lien vra uit en Tibbey praat soos Tibbey van lank gelede. Hy vertel van Sello wat R250 000 met die lotto gewen het en vir hom 'n huis in Mamelodi gekoop het en van Beatrice wat nou op Sello se hoek staan en van Johnny wat 'n girlfriend het. "A girlfriend, I'm not kidding!" Hy raak skielik ernstig.*
*"We didn't know of jy weer gaan kom. En jou hoek is a good place. Dit was 'n waste." Hy lyk 'n bietjie skuldig.*
*"Weet jy hoe het ek gesukkel om Johnny van jou hoek af te hou?!" verbreek Roos vies haar stilte. "Ek het hom 'n paar keer goed gedonner, maar later moes ek maar opgee."*
*Lien vertel verleë van die komende eksamen en dat sy hard moet leer, want sy het nie te goed in die rekordeksamen gedoen nie. Sy wil van Creations vertel, maar besluit daarteen.*

4.11 Voltooi die volgende paragraaf deur die korrekte woorde in die oop spasies in te vul. Skryf slegs die nommer en die antwoord neer.

Tibbey en Roos is (4.11.1)_(tipe werk)__ wat vriende met Lien geword het. Tibbey was in 'n verskriklike (4.11.2) ___ waar hy albei sy (4.11.3)___ verloor het. (3)

4.12 Lien het dieselfde werk as Tibbey en Roos gedoen. Noem TWEE dinge wat sy moes gebruik om haarself te vermom. (2)

4.13 Noem TWEE dinge wat Lien met haar geld gedoen het. (2)

4.14 Wat het Hein vir Tibbey gedoen? (1)

4.15 "*We didn't know of jy weer gaan kom.*"

Is dit gepas dat Afrikaanse én Engelse woorde in die roman gebruik word? Motiveer jou antwoord. (1)

4.16 Lien was lief daarvoor om mense byname te gee. Pas nou die byname in KOLOM A by die regte mense in KOLOM B. Skryf net die nommer en letter neer, bv. 4.16.1 A.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 4.16.1 Kuifie | A. Christiaan. |
| 4.16.2 Ou Uil | B. Dominee Gerhard. |
| 4.16.3 Peroxide | C. Seun in die biblioteek. |
| 4.16.4 Ou Agie | D. Die skoolhoof. |
| | E. Roos se dogter. |

(4)

4.17.1 Waar het Lien (a) <u>haar ma</u> en (b) <u>haar pa</u> aan die einde van die roman besoek? (2)

4.17.2 As ons dink aan hoe kwaad Lien vir hierdie twee belangrike mense in haar lewe was, hoe het Lien se gevoelens teenoor hulle verander? (1)

4.18 Het die roman positief of negatief geëindig? Verduidelik. (1)

4.19 Verduidelik wat vir jou die belangrikste tema in *Lien se lankstaanskoene* is. (1)

**[35]**

**TOTAAL AFDELING A: 35 PUNTE**

**AFDELING B: DRAMA**

Beantwoord slegs EEN vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

**VRAAG 6: *PALJAS* – Chris Barnard**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS C**

Hendrik, Katrien en die twee kinders loop in 'n dwaal van trok tot trok en verkyk hulle aan die gedoente. Daar is geen lokomotief nie. En daar is nêrens 'n mens te sien nie. Eers ná die derde trok kry Hendrik 'n paar woorde oor sy lippe. Hy praat die eerste sin sag, half met homself.

HENDRIK: Hulle sê my niks ... *(Die tweede sin is effens harder, 'n bietjie vieserig, 'n trok láter.)* Niemand het my niks gelaat weet nie ... *(Die derde sin, nóg 'n trok later, by die leeus, is driftig en vir wie ook al bedoel wat binne hoorafstand is.)* 'n Hele trein vol wilde ongediertes, op mý stasie, en ek weet verdomp niks!

27. Hendrik sit in sy kantoor agter sy tafeltjie by die telefoon - en nou bulder hy in die spreekbuis in.

HENDRIK: Nie 'n dooie donnerse woord nie! *(...)* Ja, maar – *(...)* Hiér! *(Hy beduie met sy hand asof die ander party deur die foon kan sien.)* Hier op my sylyn, ja. Agt trokke vol leeus en olifante en renosters en goed. *(Hy lieg sommer by.)* *(...)* Hoe kan jy nou so iets vra – ek is mos nie mal nie, man. Kom kyk self as jy my nie wil glo nie! *(...)* Ja? En sê nou die spul goed kom uit?

28. Katrien sit in Willem se kamer op sy bed besig om sy hare te kam. Hy is aangetrek vir skool. Soos gewoonlik het sy bed nie lakens of komberse op nie: dis net die kaal matras.

KATRIEN: Jy loop reguit busstop toe, gehoor? Jy sit nie jou voet naby die trein nie. *(Die kind trek sy gesig om teleurstelling en frustrasie te wys.)* Ja, jy kla verniet. Netnou kom een van die leeus uit en hy eet jou vir brekfis. Kom.

6.1 Wat is die naam van die stasie waarop Hendrik McDonald werk? (1)

6.2 Aan wie behoort die trein en al die diere op hierdie stasietjie? (1)

6.3 Vul die korrekte woord in die oop spasie in. Skryf net die nommer en die antwoord.

Die koms van hierdie trein het die lewens van hierdie gesin verander.

Dit is presies hier waar die spanning begin. Ons noem dit dus die ___ moment. (1)

6.4 Kies die korrekte woorde tussen hakies. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

Die woorde in hakies of skuinsgedruk ná 'n karakter se naam, is 6.4.1 (bywoorde/ toneelaanwysings). Die nommer, byvoorbeeld 27. of 28. in die uittreksel, dui die 6.4.2 (getal woorde/volgende toneel) aan. (2)

6.5 Hierdie gesin is nie gelukkig nie. Verduidelik hoe elkeen van die volgende karakters daardeur geaffekteer is:

6.5.1 Willem
6.5.2 Emma
6.5.3 Hendrik en Katrien (3)

6.6 Watter karakter daag by hierdie dorp op en verander almal se lewens? Gee sy naam. (1)

6.7 Hoekom kan ons sê dat Frans bydra tot die spanning in Hendrik en Katrien se huwelik? (1)

6.8 Wat beteken die woord, Paljas? (1)

6.9 Na wie het Hendrik vir Willem geneem om te sien wat fout is met die kind? Wees spesifiek. (1)

6.10 Hoekom was Hendrik reg om Emma teen die sirkusmense te waarsku? (1)

6.11 Die treine het simbolies geen betekenis vir Katrien gehad nie.

Verduidelik waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

6.12 Een middag het Willem weggeloop.

6.12.1 Wat het veroorsaak dat Hendrik en Katrien baklei? (1)

6.12.2 Waarheen het Willem gegaan? (1)

6.13 Hoe moes Willem oortuig word om huis toe te gaan? (1)

***EN***

KATRIEN *(draai om en mik vir die middeldeur)*: Nag, almal.
HENDRIK: Nee, Katrina. Waar gaan jy?
KATRIEN: Ek gaan slaap.
HENDRIK: Nee.
KATRIEN: Wat dan?
HENDRIK: Ons ... kry ons skoon. Ons – Nollie, sit op vir ons 'n plaat. Ons was ons en ons trek aan en – Emma, loop maak jou mooi. Ons sal iets uitdink. Ons gaan nie slaap nie. Ons sal iets uitdink.
EMMA: ... Ek moet wat doen?
HENDRIK: Jy't gehoor wat ek gesê het.
EMMA *(ontsteld)*: Ek moet my loop mooimaak? Om te wat? *(Sy is skielik yskoud en woedend.)* Om te wat?
HENDRIK: Ons gaan net aan, Emma; ons maak of niks gebeur het nie.
EMMA: Dis al wat ons doen heeltyd. Ons maak of niks gebeur het nie.
HENDRIK: Wat, wil jy weer op 'n hoop loop sit?
EMMA: Kyk hoe lyk Ma – lyk dit vir Pa of niks gebeur het nie? Kyk hoe lyk ons almal!
HENDRIK: *(meer verbaas as enigiets anders)*: Emma!
EMMA *(nou onbeheersd kwaad)*: Hulle jaag ons soos melaatses van die Volstruisdans af weg, maar ons moet maak of niks gebeur het nie.
HENDRIK: En wat doen jy? Jy hol in die veld in.
EMMA: Hoekom sit ons op hierdie gat-stasietjie, Pa? Ek vra – hoekom? Oor niks gebeur het nie?

6.14.1 Waarvan is die McDonald-gesin deur die dominee en die dorpsmense beskuldig? (1)

6.14.2 Gee een rede waarom die mense dít van hierdie gesin gedink het. (1)

6.15 Na die dominee se besoek aan die McDonald-gesin, het baie dinge in hierdie gesin se lewe gebeur. Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer:

- Die gesin gaan na die Volstruisdans.
- Die nar word geskiet.
- Die dorpsmense aanvaar die McDonalds.
- Die nar gaan terug sirkus toe. (4)

6.16 Waarom kan ons sê dis verkeerd dat die dominee sonder bewyse die McDonalds van allerhande verkeerde dinge beskuldig? (1)

6.17 Hendrik en Katrien het uiteindelik oor hulle probleme begin praat, maar hulle het heeltemal verskil oor hoe hulle dit ervaar het.

Pas Katrien se siening in KOLOM A by Hendrik s'n in KOLOM B. Skryf net die nommer (6.17.1) by die letter (A-D), bv. 6.17.1 A.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 6.17.1 Op Touwsrivier is Emma gebore en almal voorspel dat Hendrik voor dertig stasiemeester sal word. | A. Hier kan niemand jou van my af wegvat nie. |
| 6.17.2 Op Soekmekaar is Willem gebore en alles loop verkeerd. | B. Die stasiemeester kon sy kloue nie van jou afhou nie. |
| 6.17.3 Hulle trek na 'n kleiner stasie, Twyfelfontein. | C. Omtrent al die mans was hier agter Katrien aan. |
| 6.17.4 Dis waar hulle nou woon. | D. Ryk Pieterse met sy Mercedes en ander besittings wou Katrien steel. |
| | E. Die onderwyser én die afslaer was verlief op Katrien. |

(4)

6.18 Wat het Katrien omtrent Hendrik besef uit bogenoemde vraag? (1)

6.19 Wat het Katrien duidelik gemaak omtrent haar gevoel vir Hendrik, nadat Hendrik verduidelik het hoekom hulle so baie getrek het? (1)

6.20 Hierna verbeter die verhoudings in die McDonald-gesin. Hoe het die volgende mense verander?

6.20.1 Willem (1)

6.20.2 Emma (1)

6.21 Verduidelik wat by die Volstruisdans gebeur het toe die McDonalds daar aankom. (1)

6.22 Watter tema kan ons sê, pas by hierdie dorp se mense? (1)

6.23 Wat het Emma gesê, gaan hierdie gesin nooit weer doen nie? (1)

**[35]**

**TOTAAL AFDELING B: 35 PUNTE**

## AFDELING D: GEDIGTE

Beantwoord die vrae oor AL TWEE gedigte uit die bundel wat jy bestudeer het.

### VRAAG 9: VERSKUNS VIR DIE EERSTE ADDISIONELE TAAL

9.1 Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**BOEKMERK – Marlise Joubert**

kinders
met wange soos mossies
wat teen elke oggend stoei
hande altyd woerende vlerke
elke lyfie 'n seilende gesang –
vlak bo die waterspieël
van 'n klipvloergang

vlytig stort die druppels klank
oor haar uit totdat sy verbaas
die reuk van bittersoet jasmyn
uit haar skooljare proe
waar sy ook kon mor
en protesteer:

waarom is alles altyd ver
waarom is alles altyd hier
waarom moet ek leer
van optel aftrek deel
van dooie digters
uit die toentertyd
en watter land sit waar
en waarom draai die son

toe maak sy die dag weer oor –
met elke skoolklok werk sy
namens mossiekind:

kom ons pars die wind
met wange soos soldaatjies

totdat elkeen net die geur
van jasmyn kan boekmerk
teen die onheil van ons
ellelange reis

9.1.1 Hoe word reël 1 beklemtoon? [1]

9.1.2 Haal EEN woord uit strofe 1 aan wat aandui dat die kinders nie van skool hou nie. [1]

9.1.3 Wat doen 'n mens gewoonlik met 'n boekmerk? [1]

9.1.4 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer en die letter neer.

"woerende vlerke" (Reël 4)

Die gebruik van "woerende" is effektief omdat

A die kinders moeilik in die oggend opstaan
B dit die kinders se lyfies mooi beskryf
C die kinders nie skool toe wil gaan nie
D dit wys dat die kinders altyd besig is [1]

9.1.5 Haal DRIE agtereenvolgende woorde uit strofe 2 aan wat wys dat die onderwyser ook nie van skool gehou het nie. [1]

9.1.6 Verduidelik waarom hierdie gedig as 'n vrye vers beskou kan word. Gee EEN feit. [1]

9.1.7 In strofe 3 is daar twee APARTE woorde wat in kontras met mekaar staan. Skryf die twee woorde neer. [1]

9.1.8 Kies uit KOLOM B die beeldspraak/stylfiguur wat by die versreël in KOLOM A pas.

| **KOLOM A** | **KOLOM B** |
|---|---|
| (a) "elke lyfie 'n seilende gesang" | A. Vergelyking |
| (b) "die reuk van bittersoet jasmyn" | B. Sinestesie |
| (c) "die reuk van bittersoet jasmyn uit haar skooljare proe | C. Oksimoron |
| | D. Metafoor |

[3]

9.1.9 In strofe 3 word die woord "waarom" 4 keer herhaal. Wat is die funksie van hierdie herhaling? [1]

9.1.10 Die onderwyser se houding en denkwyse verander in strofe 4.

Motiveer waarom bogenoemde stelling WAAR is deur 'n versreël aan te haal. [1]

9.1.11 Waarom word die kinders in reël 26 met soldate vergelyk? Skryf 'n volledige antwoord neer. [2]

9.1.12 Noem een sintuig wat in hierdie gedig voorkom. [1]

9.1.13 Noem EEN vak waaroor die kinders in hierdie gedig kla. [1]

9.1.14 Waarna verwys die “ellelange reis” in versreël 30. [1]

9.1.15 Hoe het **jy** oor die afgelope jare skoolgaan ervaar?
Skryf ‘n sinvolle antwoord neer. [1]

**EN**

9.2 **DIE BOODSKAPPER – Peter Snyders**

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**DIE BOODSKAPPER – Peter Snyders**

Die aandster vonkel soe speels vanaand
was daa' 'n knipoeg
van jou
na my?

Djy is so naby
soes die helderste ster
djy's die spoed van 'n gedagte
weg van my

Ek los 'n boodskap by Venus vir jou –
as djy yt jou aandklas
kom, stiek yt jou hand
haal dit af:

dis die briefie
met die soentjie
op die omslag

9.2.1 Die titel van die gedig is "Die boodskapper".

(a) Wie is die boodskapper na wie daar in die titel verwys word? [1]

(b) Watter boodskap moet die boodskapper oordra? [1]

9.2.2 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

In strofe 1 kry ons 'n gevoel van (eensaamheid/romanse). [1]

9.2 3 Watter dialek vind ons in hierdie gedig? [1]

9.2.4 Watter woord in strofe 2 kontrasteer met "naby"? [1]

9.2.5 Kies die KORREKTE antwoord.

Die titel skep die idee dat die spreker nie by die geliefde is nie. Watter ander aanduiding in die gedig wys dat hulle nie by mekaar is nie?

A. Die spreker sê die aandster knipoog.
B. Die spreker gee vir die geliefde 'n soentjie.
C. Die spreker los vir die geliefde 'n boodskap by Venus.
D. Die spreker hou die geliefde se hand vas. [1]

9.2.6 Motiveer waarom die stelling hieronder WAAR is, deur EEN WOORD aan te haal.

Die geliefde in die gedig is besig om te studeer. [1]

9.2.7 Watter ander woord word vir Venus in die gedig gebruik? [1]

9.2.8 Watter woord dui daarop aan dat die aandster met ‘n mens kommunikeer? [1]

9.2.9 Haal ’n voorbeeld van elk van die volgende beeldspraak of stylfiguur uit die gedig aan:

(a) Elisie [1]

(b) Vergelyking [1]

(c) Alliterasie [1]

9.2.10 Die leestekens in hierdie gedig help om die tema uit te bou. Kies die funksie uit KOLOM B om by die leesteken in KOLOM A te pas.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| [a] Die vraagteken (reël 4) | A. Bevestig die aandag op die volgende gedagte |
| [b] Die dubbelpunt (reël 12) | B. Einde van ‘n gedagte |
| [c] Die aandagstreep (reël 9) | C. Retoriese vraag |
| | D. ‘n Verduideliking volg |

[3]

9.2.11 Wat bevestig dat die boodskap ‘n liefdesboodskap is? [1]

9.2.12 Hoe kommunikeer jongmense vandag met hulle geliefdes? [1]

[35]

**TOTAAL AFDELING D : [35]**

**SOMTOTAAL: [70]**